# SKILPADLAND KLEUTERSKOOL

Zurich Straat 30 | UITZICHT | (021) 975 6556 | skilpadland@telkomsa.net
POSBUS 1663 | BRACKENFELL | 7561
SKOOLHOOF: LYNN-MARIÉ SMIT | 083 4460 733

## BESONDERHEDE VAN LEERDER:

VOLLE NAAM EN VAN: ______________________ GESLAG: [ M ] [ V ]

GEBOORTEDATUM: ______________________ HUISTAAL: [ AFRIKAANS ] [ ENGELS ]

DATUM TOEGELAAT TOT SKILPADLAND: ______________ TAALKEUSE VAN ONDERRIG: __________

ADRES VAN KIND: ____________________________________________

____________________________________ POSKODE: ________

WAAR HET U VAN ONS TE HORE GEKOM? ______________________________

MERK ASSEBLIEF: [ VOLTYDSE LEERDER - R4,200.00 PER MAAND ] [ DAGLEERLING – R200,00 P/DAG (MAX. 14 DAE) ]

## BESONDERHEDE VAN VADER: ('n Afskrif van u ID Dokument moet saam met hierdie aansoek ingehandig word asseblief)

VOLLE NAAM EN VAN: ______________________ ID NR: ______________

WERKGEWER: ______________________ POSBENAMING: ______________

WERKGEWER SE ADRES: ______________________ TEL NR WERK: ______________

______________________ TEL NR SEL: ______________

WERK E-POS ADRES: ____________________________________________

PERSOONLIKE E-POS ADRES: ______________________________________

## BESONDERHEDE VAN MOEDER: ('n Afskrif van u ID Dokument moet saam met hierdie aansoek ingehandig word asseblief)

VOLLE NAAM EN VAN: ______________________ ID NR: ______________

WERKGEWER: ______________________ POSBENAMING: ______________

WERKGEWER SE ADRES: ______________________ TEL NR WERK: ______________

______________________ TEL NR SEL: ______________

WERK E-POS ADRES: ____________________________________________

PERSOONLIKE E-POS ADRES: ______________________________________

## HUWELIKSTATUS:

[ GETROUD ] [ GESKEI ] [ ENKEL ]

## POSISIE VAN LEERDER IN GESIN:

[ ENIGSTE KIND ] [ EERSTE KIND ] [ TWEEDE KIND ] [ DERDE KIND ] [ VIERDE KIND ] [ TWEELING ]




# SKILPADLAND KLEUTERSKOOL

Zurich Straat 30 | UITZICHT | (021) 975 6556 | skilpadland@telkomsa.net

POSBUS 1663 | BRACKENFELL | 7561

SKOOLHOOF: LYNN-MARIÉ SMIT | 083 4460 733


## EERSTE NAASBESTAANDE IN GEVAL VAN NOOD – NIE WOONAGTIG BY DIESELFDE ADRES AS LEERDER

VOLLE NAAM EN VAN: ____________________ ID NR: ____________________

WERKGEWER: ____________________ POSBENAMING: ____________________

WERKGEWER SE ADRES: ____________________ TEL NR WERK: ____________________

____________________ TEL NR SEL: ____________________

WERK EN PERSOONLIKE E-POS ADRESSE: ____________________

VERWANTSKAP TOT LEERDER: ____________________

## TWEEDE NAASBESTAANDE IN GEVAL VAN NOOD – NIE WOONAGTIG BY DIESELFDE ADRES AS LEERDER

VOLLE NAAM EN VAN: ____________________ ID NR: ____________________

WERKGEWER: ____________________ POSBENAMING: ____________________

WERKGEWER SE ADRES: ____________________ TEL NR WERK: ____________________

____________________ TEL NR SEL: ____________________

WERK EN PERSOONLIKE E-POS ADRESSE: ____________________

VERWANTSKAP TOT LEERDER: ____________________

## MERK ASB. OP 'N SKAAL VAN 1 -10 (1 MIN, 10 BAIE)

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| MY KIND IS AGGRESSIEF: | 1 ☐ | 2 ☐ | 3 ☐ | 4 ☐ | 5 ☐ | 6 ☐ | 7 ☐ | 8 ☐ | 9 ☐ | 10 ☐ |
| MY KIND IS EMOSIONEEL: | 1 ☐ | 2 ☐ | 3 ☐ | 4 ☐ | 5 ☐ | 6 ☐ | 7 ☐ | 8 ☐ | 9 ☐ | 10 ☐ |
| MY KIND IS ONAFHANKLIK EN SELFSTANDIG: | 1 ☐ | 2 ☐ | 3 ☐ | 4 ☐ | 5 ☐ | 6 ☐ | 7 ☐ | 8 ☐ | 9 ☐ | 10 ☐ |
| MY KIND IS SKAAM EN ONSERKER: | 1 ☐ | 2 ☐ | 3 ☐ | 4 ☐ | 5 ☐ | 6 ☐ | 7 ☐ | 8 ☐ | 9 ☐ | 10 ☐ |

## ENIGE ANDER INLIGTING OOR U KIND WAT U GRAAG ONDER DIE AANDAG VAN DIE SKOOL WIL BRING?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________



# SKILPADLAND KLEUTERSKOOL

Zurich Straat 30 | UITZICHT | (021) 975 6556 | skilpadland@telkomsa.net
POSBUS 1663 | BRACKENFELL | 7561
SKOOLHOOF: LYNN-MARIÉ SMIT | 083 4460 733

## REKENINGPLIGTIGE

Neem asseblief kennis dat hierdie besonderhede aangevra word vir die finansiële kantoor as aanduiding wie gekontak moet word rakende enige betalingsbesonderhede of agterstallige rekeninge. BEIDE OUERS BLY STEEDS VERANTWOORDELIK VIR DIE STIPTELIKE BETALING VAN U KIND SE SKOOLFONDS EN ENIGE ANDER FOOIE.

## BESONDERHEDE VAN REKENINGHOUER:

VOLLE NAAM EN VAN: ______________________ ID. NR: ______________________
WERKGEWER: ______________________ POSBENAMING: ______________________
WERKGEWER SE ADRES: ______________________ TEL. NR. WERK: ______________________
______________________ TEL. NR. SEL: ______________________
WERK EN PERSOONLIKE E-POS ADRESSE: ______________________

## FINANSIËLE TERMES EN VOORWAARDES:

1. Alle betalings is streng vooruitbetaalbaar en mag nie later as die derde dag van elke kalendermaand inbetaal word nie.
2. Indien u op enige ander datum u salaris ontvang moet u asseblief die nodige reëlings by die finansiële kantoor tref.
3. Skoolfonds en enige ander betalings mag slegs in kontant by die skool self gedoen word of per elektroniese oorbetalings (EFT). Voorsien asseblief 'n duidelike uiteensetting van u betaling slegs wanneer enige ander fooie, bv. dokter, snoepie of aktiwiteite ingesluit word by die skoolfonds. 'n Uiteensetting kan ook by ontvangs ingehandig word.
4. Geen tjeks word aanvaar nie.
5. Geen kontant mag by `n bank inbetaal word nie, indien wel, sal u aanspreeklik gehou word vir die bankkostes.
6. 'n Administratiewe fooi van R100 sal gehef word op laat betalings per maand solank as wat rekening agterstallig is.
7. Indien u kind se fooie agterstallig sou raak, behou Skilpadland Kleuterskool die reg voor om u kind toegang te weier en u rekening aan hul prokureurs te oorhandig vir invordering.
8. Fooie is ten volle betaalbaar al is u kind afwesig weens siekte of tydens ouers se verlof.
9. Enkel ouers: Geen verdeelde rekeninge nie. Die ouer in wie se sorg die kind geplaas is, bly verantwoordelik vir betaling van die skoolfonds, asook enige ander skuld aangegaan.
10. Afslag van R100 per kind word vir 2 kinders uit dieselfde gesin toegestaan. Die afslag sal verbeur word as u betaling laat is, of as enige geld uitstaande is. Ouers met 3 kinders per gesin doen asb, navraag by kantoor i.v.m tariewe.
11. Skoolfonds verhogings tree elke jaar in Januarie in werking en is ook onmiddellik betaalbaar vanaf Januarie.
12. Skoolfonds word betaal oor 12 maande van die jaar vanaf Januarie tot en met Desember.
13. Neem asseblief kennis dat GEEN afslag gegee word op Desember skoolfonds nie, al is u kind vir slegs 'n week of twee by die skool. Indien u kind/ers die volgende jaar weer na Skilpadland Kleuterskool kom, maar reeds in Desember met vakansie gaan, bly u steeds verantwoorderlik vir die Desember skoolfonds om die kind/ers se plek te behou vir die volgende jaar. Geen administrasie of inskrywingsfooie word gevra nie.
14. Een kalendermaand skriftelike kennisgewing is 'n vereiste wanneer u kind die skool gaan verlaat. By versuim van kennisgewing sal u verantwoordelik gehou word vir die kennis-maand se fooie.
15. Dagtariewe is R200.00 per dag. Indien u kind meer as 14 dae per maand Skilpadland Kleuterskool bywoon is u verantwoordelik vir die volle maand se tarief van R4 200.00.

## VERKLARING:

Ek, die ondergetekende, ______________________________________________,
verklaar hiermee dat die inligting wat deur die rekeninghouer in hierdie aansoekvorm om toelating verskaf is, korrek is. Ek aanvaar verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die stiptelike betaling van skoolfonds aan Skilpadland Kleuterskool.

Handtekening van Rekeningpligtige: ______________________ Datum: ______________________

# SKILPADLAND KLEUTERSKOOL

Zurich Straat 30 | UITZICHT | (021) 975 6556 | skilpadland@telkomsa.net

POSBUS 1663 | BRACKENFELL | 7561

SKOOLHOOF: LYNN-MARIÉ SMIT | 083 4460 733


## MEDIESE BESONDERHEDE VAN LEERDER:

BLOEDGROEP VAN KIND: ______

AANSTEEKLIKE SIEKTES REEDS GEHAD:

| | | |
|---|---|---|
| WATERPOKKIES | : | |
| MASELS | : | |
| DUITSEMASELS | : | |
| PAMPOENTJIES | : | |

ENIGE ANDER SIEKTES SOOS BV.

| | | |
|---|---|---|
| GEELSUG | : | |
| BREINVLIESONTSTEKING | : | |
| ANDER | : | |

ALLERGIEË: ______________________________

______________________________

## ENIGE ANDER SIEKTETOESTANDE SOOS BV. EPILEPSIE OF SUIKERSIEKTE?

______________________________

______________________________

## MEDIESE BESONDERHEDE:

FAMILIEDOKTER: NAAM EN VAN: ______________ TEL NR: ______________

HOOFLID: VOORLETTERS EN VAN: ______________ ID. NR VAN HOOFLID: ______________

NAAM VAN MEDIESE FONDS: ______________ LIDNOMMER: ______________

OPSIE: ______________

## VERKLARING:

Ek, die ondergetekende, ______________________________,
verklaar hiermee dat my kind, tot op datum van hierdie aansoek en toelating tot Skilpadland Kleuterskool, al die nodige immunisering teen bv. pokke, klem-in-die-kaak, masels, kinkhoes, witseerkeel, ens. gehad het. Ek neem aan dat Skilpadland Kleuterskool die nodige voorsorg sal tref om aansteeklike siektes te verhoed en nie verantwoordelik gehou kan word, sou my kind siek word tydens sy/haar verblyf by die skool nie. Indien omstandighede dit vereis en in geval van nood, gee ek hiermee toestemming dat Skilpadland Kleuterskool 'n dokter mag ontbied en om van die vinnigste mediese-diens gebruik te maak. Ek gee ook toestemming dat 'n mediese praktisyn noodsaaklike mediese behandeling mag toedien soos nodig. Ek aanvaar hiermee dat ek verantwoordelik sal wees vir alle mediese kostes aangegaan.

Handtekening van Ouer: ______________ Datum: ______________

# SKILPADLAND KLEUTERSKOOL

Zurich Straat 30 | UITZICHT | (021) 975 6556 | skilpadland@telkomsa.net
POSBUS 1663 | BRACKENFELL | 7561
SKOOLHOOF: LYNN-MARIÉ SMIT | 083 4460 733

## ALGEMENE VRYWARING:

1. Hiermee word Skilpadland Kleuterskool kwytgeskeld teen enige eise of uitgawes wat mag voortspruit uit enige besering(s), ongelukke en/of verliese van persoonlike besittings van die leerder tydens skool- en nasorg-ure.
2. Bogenoemde kwytskelding is ook van toepassing gedurende naweke en na-ure en ook wanneer funksies deur die skool aangebied word.

## VERKLARING:

Ek, die ondergetekende, ____________________________________________,
vrywaar hiermee Skilpadland Kleuterskool van enige verliese, skade of beserings wat in die algemeen mag ontstaan.

Geteken te ______________________ op ____/____/20___ (datum).

Handtekening van Vader: ____________________

Handtekening van Moeder: ____________________

## SOSIALE MEDIA:

Merk asseblief u keuse rakende die plasing van foto's van u kind/ers op die volgende sosiale media platforms waarvan Skilpadland Kleuterskool gebruik maak; Skilpadland Kleuterskool se Facebook en Instagram bladsye, Skilpadland Kleuterskool se webtuiste en die WhatsApp groepe per klas.

## VERKLARING:

☐ Ek as ouer gee toestemming dat foto's van my kind/ers geplaas mag word.

☐ Ek as ouer gee NIE toestemming dat foto's van my kind/ers geplaas mag word NIE.

Bogenoemde toestemming is tot betrekking op die kind vir wie hierdie aansoek tot toelating voltooi word.

Handtekening van Vader: ____________________

Handtekening van Moeder: ____________________

ONS DIE ONDERGETEKENDES, ______________________ EN ______________________
VERKLAAR HIERMEE DAT DIE INLIGTING WAT IN HIERDIE AANSOEK TOT TOELATING DEUR ONS VERSKAF IS, VOLLEDIG EN KORREK IS. ONS STEM OOK SAAM MET DIE VOORWAARDES EN REËLS SOOS HIERIN UITEENSGESIT.

HANDTEKENING VAN VADER: ____________________ DATUM: ____________________

HANDTEKENING VAN MOEDER: ____________________ DATUM: ____________________



# SKILPADLAND KLEUTERSKOOL


Zurich Straat 30 | UITZICHT | (021) 975 6556 | skilpadland@telkomsa.net

POSBUS 1663 | BRACKENFELL | 7561

SKOOLHOOF: LYNN-MARIÉ SMIT | 083 4460 733


## ALGEMENE SKOOLREËLS VAN SKILPADLAND KLEUTERSKOOL

1. **BESIGHEIDS-URE:** 06H15 – 18H15

   U word versoek om u kind/ers stiptelik te kom haal. Indien u om een of ander rede nie betyds kan wees nie, moet u Skilpadland Kleuterskool vroegtydig in kennis stel. Indien u kind deur iemand anders, behalwe u as ouers gehaal word, moet die Kleuterskool vroegtydig ingelig word. Dit is in belang van u kind se veiligheid. Inligting (foto en ID nommer) moet voorsien word van persoon wat u kind optel.

2. **ETENSTYE:** ONTBYT: 08h00 – 08h30

   MIDDAGETE: 12h00 – 13h00

   Kinders mag enige tyd vra vir meer as 1 porsie. Spyskaarte word daagliks op die kennisgewingsborde aangebring.

3. **SKOOLGELDE:** BABAS TOT 6 JAAR: R 4 200-00 PER MAAND VIR 12 MAANDE VAN DIE JAAR.

   DAG-TARIEF: R 200-00 PER DAG (Meer as 14 dae betaal volle skoolfonds, R4,200)

   Bankbesonderhede van die skool kan by die kantoor/ontvangs verkry word. Verwys ook na Termes en Voorwaardes vervat in hierdie aansoekvorm.

4. **BABAS:** Die skool maak gebruik van weggooi-doeke wat deur die ouers voorsien moet word. Vyf (5) weggooi-doeke word benodig per dag. Formule-melk moet voorsien word deur ouers. Babas moet asseblief hul eie bottels en fopspene hê. Skool voorsien tee en koeimelk.

5. **SNOEPIE:** Elke Vrydag kan die kinders vir hulle iets by die snoepie koop. Voorsien asseblief u kind van 'n geldjie. Die pryse word so laag as moontlik gehou – dit is slegs om hulle te leer om met geld te werk. Moet asseblief nie groot bedrae geld gee nie. R5 - R10 is voldoende. Snoepiegeld kan vooruit saam met die skoolfonds betaal word en word as krediet teen u kind se naam gehou.

6. **SKRYFBEHOEFTES:** 'n Benodighede-lys sal aan u kind voorsien word op haar/sy eerste dag van toelating.

7. **TOILETPAPIER:** Elke kind is verantwoordelik vir 12 rolle toiletpapier per jaar wat verkieslik eenmalig gedurende die eerste kwartaal ingehandig moet word.

8. **TISSUES:** Elke kind is verantwoordelik vir 4 bokse tissues en 4 pakke wet wipes per jaar wat verkieslik eenmalig gedurende die eerste kwartaal ingehandig moet word.

9. **ALGEMEEN:** Indien u kind 'n betrokke dag nie die Kleuterskool gaan bywoon nie, word u versoek om asseblief die Kleuterskool voor 10h00 in kennis te stel. Een kalendermaand kennis is van toepassing wanneer die kind die Kleuterskool permanent gaan verlaat. By versuim hiervan sal u steeds verantwoordelik gehou word vir 1 maand se skoolfonds. Geen persoonlike speelgoed, boeke, ens. mag skool toe gebring word nie, tensy anders gereël met personeel. Speelgoed van die skool mag ook nie huis toe geneem word nie. Alle persoonlike items bv. klere, sakke, bottels, ens. moet duidelik gemerk wees. Alle medikasie moet asseblief duidelik gemerk wees en soggens by ontvangs ingehandig word. Die nodige skriftelike instruksies aangaande toediening moet ingesluit wees. Kinders met aansteeklike siektes mag nie die Kleuterskool bywoon totdat hulle heeltemal gesond is, of bewys vanaf 'n dokter ('n doktersertifikaat) wat bevestig dat die aansteeklike stadium verby is, kan toon nie.

DIE BELANGRIKSTE REËL IS EGTER DAT U AS OUER, MAAR VERAL U KIND GELUKKIG SAL WEES BY SKILPADLAND. PRAAT ASSEBLIEF AS DAAR ENIGE IETS IS WAT U PLA, ONS KAN DIT SLEGS REGSTEL AS ONS DAARVAN WEET EN ONS SAL DIT OPREG WAARDEER.

LYNN-MARIÉ